Berg-en-Dal

# Feesdiens op Paassondag

## Sondag, 31 Maart 2024



**Toe antwoord die engel die vroue en sê: "Moenie langer bang wees nie, want ek weet julle soek Jesus, die gekruisigde. Hy is nie hier nie, want Hy is opgewek, soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar Hy gelê het, en haas julle en gaan sê vir sy dissipels, 'Hy is opgewek uit die dood! Kyk, Hy gaan voor julle uit na Galilea – daar sal julle Hom sien.**

**Matteus 28:5-7**

**Hartlik welkom by die erediens.**

Welkom aan elke besoeker hier vanoggend – vriende, familie, vreemdelinge. Mag dit vir ons elkeen: jonk en oud, hier in persoon of saam aanlyn, 'n geseënde tyd in die teenwoordigheid van die Opgestane Here wees.

Die diens volg die liturgie soos hierna uiteengesit – geen aankondigings dus. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke, sou jy een benodig – jy kan solank die Skrifgedeeltes en liedere vir vanoggend se diens daarin opsoek.

MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT U SELFOON STIL GESTEL IS.

## HERINNERING

**† Stilte**

"O Lamm Gottes, unschuldig"

**† Agter Jesus aan op die Lydensweg** …

**Liturg:** Terwyl Jesus opweg was na Jerusalem, het Hy verskeie gelykenisse oor die Koninkryk van God aan Sy dissipels, en die skares wat van plek tot plek saamgedrom het, vertel. Soos ons in hierdie Lydenstyd agter Jesus aangevolg het, tot by die kruis, het ons saam met die dissipels en skares na van hierdie gelykenisse geluister …

**† Gebedslied**: "Vervul, o Heer, my hart" (Lied 391:1)

1. Vervul, o Heer, my hart met stille wyding
   waar ek herdenk die diepte van u lyding,
   hoe U daar aan die kruis vir my gesterf het;
   my heil verwerf het.

**1ste Lydenssondag**: Matteus 13

Die koninkryk van die hemel is soos 'n saaier wat uitgegaan het om te saai. Van die saad het langs die pad geval … ander weer het op rotsagtige plekke geval. Ander saad weer het tussen die dorings geval en nog ander het op goeie grond geval.

**2de Lydenssondag:** Matteus 13

Die koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaadjie. Soos suurdeeg, Soos 'n skat wat in die veld begrawe lê. Soos 'n handelaar wat een kosbare pêrel vind, en soos 'n huiseienaar wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer haal.

**3e Lydenssondag:** Matteus 13

Die koninkryk van die hemel is soos 'n man wat goeie saad op sy land gesaai het, en wie se vyand een nag gekom het om drabok tussen die koring te saai.

**4de Lydenssondag:** Matteus 18

Die koninkryk van die hemel is soos hierdie klein kindertjies, in jul midde; wie húlle in my Naam ontvang, ontvang My. Elkeen, selfs die één wegloopskaap, is vir die Vader belangrik; nie een van die kleintjies moet verlore raak nie.

**5de Lydenssondag:** Matteus 20

Die koninkryk van die hemel is soos 'n grondeienaar wat reeds vroegoggend uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur … en teen die elfde uur weer uitgegaan het en ook ander gekry het.

† **Gebedslied**: "Wees my genadig, Heer, die mense jaag my" (Psalm 56:1)

1. Wees my genadig, Heer, die mense jaag my;
kom staan my by, kom help en onderskraag my.
Die kwaad wat hulle stook, is so oorvloedig;
hul is hoogmoedig.

† **Palmsondag:** Matteus 21:5,11

† **Gebedslied**: "Op U, o Heer, vertrou ek en ek vrees nie" (Psalm 56:2)

2. Op U, o Heer, vertrou ek en ek vrees nie,
ek sal nie langer bang vir mense wees nie.
In U alleen stel ek al my vertroue
en bly behoue.

† **Witte Donderdag:** Matteus 26:26-30

† **Gebedslied:** "Ek word deur hierdie mense vals beskuldig" (Psalm 56:3)

3. Ek word deur hierdie mense vals beskuldig;
wat hul beplan, is boos en menigvuldig.
En om my dood te maak en te vernietig,
dít wil hul gretig.

† **Goeie Vrydag:** Matteus 27:17, 21-23

† **Gebedslied**: "Net deur u offer word ons skuld vergewe!" (Lied 391:5)

5. Net deur u offer word ons skuld vergewe!
   Sou ek dan na my eie wil nog lewe?
   Sou ek nie, Heer, waar U so swaar moes ly nie,
   my hart U wy nie?

† **Stille Saterdag:** Matteus 27:62-66

† **Oomblik van stilte:** In herinnering aan Jesus in die graf …

† **Voorlesing:** "*Die einde was toe die begin" (Anoniem)*

In U geboorte het ons reeds die einde bespeur,
toe daar geen plek vir U geboorte was,
en die naelstring in 'n krip geknip moes word.
Eenvoudiges het U in Bethlehemvlakte
verwelkom daardie nag.
In die begin het ons reeds die einde gesien,
toe U na Egipte moes vlug.
Die gekerm op Rama
en die geween van Ragel
omdat haar seuns nie meer is nie,
het ons die einde laat sien.
In Nasaret jaag hul U weg
en begin U stap na Jerusalem.
Petrus sê Hy ken U nieen Judas verkoop U uit.
Met bloedsweetdruppels pleit U
dat die beker verby sal gaan.
Die horlosie tik.
Die tyd stap aan.
Die einde is toe hier.
Aan 'n kruis: dit is volbring.
En stilte tree skielik in.
En alles is verby.
Die einde vir jou en my?

Sondagmôre 'n leeg graf.
Die dood word uitgelag.
Die einde was toe al die tyd die begin
van lewe en nuwe sin.

## AANBIDDING

† **Sopraan:** "Praise to the Trinity" - Solis: Matildie Wium
(Hildegard of Bingen)

† **Vroue bring die boodskap**

† **Kloklui**

† **Toetredelied (Sittend):** "Hoor jy die Paasfeesklokke?" (Lied 409:1-3)

1. Hoor jy die Paasfeesklokke?
   Hul lui van vroegdag af;
   hul jubel oor die wêreld:
   Die Heer is uit die graf!
   Hy, Christus, die oorwinnaar,
   is uit die donker uit!
   Die Heer, die sleuteldraer,
   Sal ook my graf ontsluit.

2. Hoor jy die Paasfeesklokke?
   Die Heer het opgestaan!
   Hy het vir al ons sonde
   Hom aan die kruis laat slaan.
   In Hom is nuwe lewe,
   sy graf is leeg en oop.
   Hy gaan ons voor – verheerlik –
   en ons kan op Hom hoop!

3. Hoor jy die Paasfeesklokke?
   Die Heer voer heerskappy.
   Hy heers oor alle dinge,
   sy bloed het ons bevry.
   Ons sal met Jesus opstaan,
   die lewenskroon verkry.
   Ons hoor die Paasfeesklokke
   wat oor die wêreld lui.

† **Votum:**

Liturg: Die Heer het opgestaan!
**Gemeente: Die Heer het waarlik opgestaan!**

† **Seëngroet**

† **Loflied (staande):** "Kom almal laat jul stem verrys" (Lied 411:1-3)

1. Kom, almal, laat jul stem verrys!
   Kom, laat ons die Verlosser prys.

Halleluja! Halleluja!
Die Heer laat duisternis verdwyn:
Hy is die lig wat helder skyn;

**Koor: Loof die Here, gee Hom ere.**
**Halleluja! Halleluja! Halleluja!**

2. Loof Hom wat die oorwinnaar is
oor magte van die duisternis.
Halleluja! Halleluja!
Hy gee die gawe van sy Gees,
stuur Hom om ons tot troos te wees.

**Koor:**

3. Prys almal die verrese Heer;
Hy kom op wolke eenmaal weer -
Halleluja! Halleluja!
Sou son en maan en sterre swig,
God bly in ewigheid die lig.

**Koor:**

## VERKONDIGING

† **Epiklesegebed**

† **Skriflesing:** Matteus 28:1-10

† **Prediking**

† **Lofgebed (sittend):** "Jesus ons eer U" (Lied 417:1-2)

1. Jesus, ons eer U, opgestane Heer.
Lewensvors en Koning, U het triomfeer!
Hoe was U verneder, hoe het U gely;
hoe is U verheerlik! U voer heerskappy.
Jesus, ons eer U, opgestane Heer.
Lewensvors en Koning, U het triomfeer!

2. Jesus ons eer U, opgestane Heer,
omdat U oorwin het, sal ons triomfeer!
Hoe was ons gebonde, hoe was ons verkneg.
U bevry tot lewe, baan vir ons die weg.
Jesus ons eer U, opgestane Heer,
nou het ons 'n toekoms: lewe by ons Heer!

## VIERING

† **Geloofsbelydenis (staande):** Apostoliese geloofsbelydenis

Liturg (L): Glo jy in God die Vader?

**Gemeente (G): Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.**

L: Glo jy in Jesus Christus, die Seun van God?

**G: Ek glo in Jesus, sy eniggebore Seun, ons Here;**

**wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;**

**wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;**

**wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;**

**wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regter hand van**

**God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.**

L: Glo jy in die Heilige Gees?

**G: Ek glo in die Heilige Gees.**

**Ek glo aan 'n heilige,**

**algemene, Christelike kerk,**

**die gemeenskap van die heiliges;**

**die vergewing an sondes;**

**die opstanding van die vlees,**

**en 'n ewige lewe.**

† **Offergawes en tussenspel:** "Prelude no 1" (D Shostakovich)

## UITSENDING

† **Slotlied (staande):** "Die Here Jesus Lewe" (Lied 421:1-3)

1. Die Here Jesus lewe,
   Hy het die dood oorwin.
   Met krag is Hy oorwinnaar;

ons toekoms het begin.
Hy gee ons hoop en vrede,
ons kan weer voorwaarts gaan,
want Jesus is ons Here -
Hy't klaar ons weg gebaan.

2. Die Here Jesus lewe,
Hy't hemel toe gevaar,
Hy heers daar as die Koning;
ons word deur Hom bewaar.
Laat ons met moed en ywer
ons roeping hier volbring,
want Jesus is óns Koning -
Hy gee ons lewe sin.

3. Die Here Jesus lewe,
Hy kom ons eendag haal.
Hy sal ons dan laat aansit
by sy Messiasmaal.
Kom, laat ons Hom verheerlik,
sy liefde nou besing,
en, saam met als wat lewe,
aan Hom die hulde bring.

† **Seënbede + Amen**

† **Orrelnaspel:** "Sollt'ich meinem Gott nicht singen" (S Karg-Elert)

Ons opregte dank vir 'n geseënde Paasviering gaan aan almal wat op een of ander manier meegewerk het aan ons eredienste – en in besonder, aan:

Johan Cromhout (orrelis), Matildie Wium (sopraan), Anmari van der Westhuizen (tjello), Jaco Cilliers (tjello) en Francois Cilliers (viool).

Ons voorlesers: Elsabé en Ludwig de Jager, Helena Samuel en Jacques van Wyk.

Vroue en helpers vir die uitdoof van die kerse, die stroping en voorbereiding van die liturgiese ruimte; en Magriet Zietsman vir die blomme; Barmhartigheidsbediening en Germarie Adendorff vir die tee en paasbroodjies.

Maryna Spies en die ouderlinge aan diens; David-Rees Samuel en die Diakonie.

Pieter Wilken (terreinbestuurder), Rachelle Wilson (klank), Ebeth Wilson, Pieter Adendorff vir die regstreekse uitsendings en Marthina van Zyl vir logistieke hulp.

**Ons nooi almal om saam met ons die feesviering voor te sit buite in die binnehof met koffie of tee, en lekker vasgebakde paasbolletjies. 'n Geseënde Paastyd word jou toegewens.**